

# Die Fontein

## Die wonder van die Heilige Gees

## Werkinge van die Heilige Gees

## Het ek die Heilige Gees?

## Pinksterfees

Junie 2025 6/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad

Die Fontein
Maandblad

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

## JUNIE 2025


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | 01 |
| Geestelike groei | 02 |
| Gemeentegebeure | 09 |
| Kerkfinansies | 16 |
| Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe | 18 |
| Kinderhoekie | 19 |
| Briewekolom | 23 |
| Blokadvertensies | 26 |


## Teks vir die maand

Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

**Efesiërs 4: 4 -6**

# Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

In die Ou Testament was die pinksterfees, wat ook bekend gestaan het as die oesfees of fees van die weke, 'n spesiale feesdag (Numeri 28: 26). Dit was op so 'n feesdag, 10 dae na Jesus se hemelvaart, dat die dissipels van Jesus en ander gelowiges in Jerusalem bymekaar was en die **wonder van die Heilige Gees** kon beleef (Handelinge 2). Toe hulle bymekaar was, kom daar skielik 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind en daar is tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen gaan sit. Hulle is **almal met die Heilige Gees vervul** en het in ander tale begin spreek soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. Wat 'n wonderlike gebeurtenis!

Met die publikasie van ons blad is die **herdenking van die Pinkstergebeurtenis** nog vars in ons geheue. Die gelowiges in Jerusalem het op daardie dag die Heilige Gees ontvang en het die blye boodskap van wat Jesus Christus se offer aan die kruis, sy opstanding uit die dood en sy hemelvaart alles beteken aan die mense vertel. Na Petrus se toespraak het 'n groot aantal mense tot geloof gekom – tot soveel as 3000 op die eerste dag.





Dit was dus vir die redaksie voor-die-hand-liggend dat ons hierdie maand ons fokus plaas op die Heilige Gees.

Ons het besluit dat die tema **"Die wonder van die Heilige Gees"** moet wees want was dit nie 'n wonder hoe die Heilige Gees soos tonge van vuur op die groep gelowiges uitgestort is nie en nou in die hart van elkeen woon wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het! (1 Johannes 4:2).

Mag ons dan ook hierdie maand met die toerustingsartikels oor die Heilige Gees deur die Gees geïnspireer word om tot God se eer te leef om die kragtige werking van die Heilige Gees in ons lewe te ervaar.

Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za.**

Of WhatsApp die kerk-kantoor by **079 162 3453.**

Gooi jou brief in die boksie by die kennisgewingbord.

Lees: Matteus 28: 16-20

# Woordoordenking

Ds. Attie Venter

**"... uiteindelik word elke dissipel (navolger) van Jesus - ook ons - wat deur die geloof 'n oog en oor getuie van Jesus se liefde en genade is - gestuur."**

Ons Here Jesus het die redding van die mens eiehandig bewerk en afgehandel. Dit is die wonderlike nuus wat tydens ons Paasfeesvieringe weer aan ons bevestig is. En na die Paasgebeure is Jesus op pad hemel toe om sy plek as die Oorwinnaar aan die regterhand van sy Vader in te neem. Maar Hy laat nie sy broers en susters alleen en onbeskerm agter in hulle geloofstryd nie. Hulle gaan mekaar voortaan bedien. Gelowiges gaan medegelowiges bedien en gelowiges gaan die Blye Boodskap aan onbekeerdes bedien oor die hele wêreld heen.

'n Belangrike vereiste hiervoor was dat die dissipels – wat uitgestuur sou word, oog- en oorgetuies moes wees van wat Jesus gedoen en gesê het. Jesus het aanvanklik net 12 dissipels gekies maar hulle getal het algaande gegroei tot duisende. Die 12 en die 72 dissipels waarvan Lukas 9 en 10 getuig, was getuies van Jesus se woorde en wonderdade. Hulle word dan gestuur na die Jode om hulle van die Koningskap van Jesus te oortuig.

Na Jesus se opstanding uit die dood, verskyn Hy aan baie mense onder andere die 12. Dit was van groot betekenis want die 12 moes ook daarvan getuig, ondersteun deur die ander aan wie Jesus ook verskyn het.

Die eerste 12 sou dan kort voor Jesus se hemelvaart weer gestuur word - as apostels (wat gestuurdes beteken) om die Evangelie aan die hele wêreld te gaan verkondig. Maar eers kry die eerste 12 dissipels (met die uitsondering van Judas en die byvoeging van Mattheus) die opdrag om te wag vir die Krag (Gees) waarmee hulle toegerus sou word.

Hulle moes getroue getuies wees en daarvoor moes hulle met die Gees van die opgestane Jesus toegerus word. In Matteus 28 lees ons dat Jesus sy dissipels seën wanneer Hy hulle uitstuur voor sy Hemelvaart. Lukas berig ook dat hulle moet wag vir die Gees as toerusting uit die Hemel.

Onthou dat die mens met die sondeval die ingebore Gees van God (teenwoordigheid van God) verloor het. Nou moes hulle opnuut met die Krag van God toegerus word.
En uiteindelik word elke dissipel (navolger) van Jesus - ook ons - wat deur die geloof 'n oog en oor getuie van Jesus se liefde en genade is - gestuur. En so word die Evangelie die hele wêreld ingedra tot redding van elkeen wat sou glo. Met mensevoete, mense-getuienis en die Krag van God Drie-enig.

# Die wonder (vrug) van die Heilige Gees

Corrie van Wyk

In hierdie tyd herdenk ons Pinkster. Ons dink met dankbare harte aan die Heilige Gees wat uitgestort is. Die Vader het Hom in die Naam van die Seun gestuur.... om ewig by ons te bly. Dit is wat ”uitstort” beteken: dit is onherhaalbaar en finaal.
So getuig Christus se gemeente Pretoria-Annlin ook.

Maar ... belangriker is om in die Heilige Gees te glo, en die res van my lewe elke dag te leef met die wonder van die Heilige Gees in my hart. So ’n lewe deur die Heilige Gees is die enigste ware lewe.

**Vir my om in verbondenheid met Christus Jesus te lewe (Kolossense 2:6), het ek die Heilige Gees in my nodig. Die Heilige Gees lei my om as Christen nuut te lewe.**

Die ”uitstorting van die Gees” bring ook gemeenskap/kameraadskap (“fellowship”) met ons mee. Hierdie gemeenskap word herhaaldelik aan ons geskenk/toegesê aan die einde van elke erediens wanneer die seën ooreenkomstig die Skrif oor ons uitgespreek word!

**“Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees”.**

**”En Ek sal die Vader vra om julle ’n ander Raadgewer te stuur om vir altyd by julle te wees; dit is die Gees van die waarheid. Die wêreld is nie in staat om Hom te ontvang nie omdat hy Hom nie sien of ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle gaan bly en in julle sal woon.” Joh. 14:16 & 17 (NLV).**

**<u>Die Wonder van die Heilige Gees</u>**

**1. Die Heilige Gees het gekom**

Die eerste groot gebeurtenis wat moes gebeur, is dat die Heilige Gees moes kom, deur die Here Jesus gegee, uitgestort moes word as vrug (oes) van sy sterwe aan die kruis.

Israel het in die Ou Testament onder andere Paasfees (Eksodus 12:2,14) en die Oesfees (Eksodus 23:16) gevier. Met Paasfees is die **verlossing uit Egipte** onthou, terwyl met die Oesfees die **begin van die oes** erken is. Omdat die Oesfees 50 dae na Paasfees gevier is, is dit ook Pinksterfees genoem.

In lyn hiermee lees ons dan in Handelinge 2:1 dat Jesus sy Gees op die eerste dag van die Pinksterfees uitgestort het. Vyftig dae na **sy verlossingswerk** aan die kruis (Paasfees) lewer Hy dus **sy oes**, naamlik die Gees (Pinksterfees)! Duidelik is die Ou Testament en die Nuwe Testament die een Woord van God!

**2. Ek is gedoop in die Naam van die Heilige Gees**

Die tweede baie groot en belangrike ding wat gebeur het, is die doop. Met ons doop gee die God die Vader, die Seun en die Heilige Gees naamlik vir ons ’n heerlike sekerheid.

# Die wonder (vrug) van die Heilige Gees (vervolg)

Spesifiek oor die Gees se werk stel ons Doopformulier: **“Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot sy eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenens in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word”.** Hierdie versekering deur die Gees behoort elke ouer te ken, te verstaan en te glo om kinders te kan vertel en te kan leer van God in hulle lewe.

**3. Die Heilige Gees lei ons om as Christen nuut te lewe**
Jesus Christus het ons met sy dood aan die kruis uit die mag van die duiwel, die sonde en die dood geruk. Hy het ons met sy lewe verlos en gesorg dat ons met sy Gees heeltemal nuut gemaak kan word.

Die mens wat deur Jesus Christus verlos en wat deur die Heilige Gees in Christus gewortel is en nuut leef, het die wonderlike sekerheid van die ewige heerlikheid by God.

**4. Die Heilige Gees laat ons deel kry aan Christus en sy weldade**
Ek het die Heilige Gees nodig. Sonder die Heilige Gees is God nie my Skepper en my Vader nie. Sonder die Heilige Gees is Jesus Christus ook nie my Verlosser nie. Sonder die Heilige Gees in my kan ek nie in daardie wonderlike verhouding met my Koning leef nie.

Die Heilige Gees gee my ’n wedergebore hart. Hy gee aan my die kosbare geskenk om in Jesus Christus te kan glo en ’n verloste nuwe mens te kan wees. Die Gees lei en help my om nuut te lewe, om openlik vir my Verlosser en my Vader te leef dat ander duidelik kan sien en ook hoor.

**Die Heilige Gees is die derde persoon van die Goddelike Drie-eenheid. Hy is God! Ons behoort Hom lief te hê, te eer en in alles te gehoorsaam. Hy is eg en Sy liefde, gemeenskap, kameraadskap en teenwoordigheid is vir alle Christene ’n werklikheid.**

**<u>Die Vrug van die Heilige Gees</u>**
**Die vrug van die Gees is ’n term wat die apostel Paulus gebruik om nege sigbare eienskappe van ’n ware Christelike lewe op te som. Dit is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22).**

O, die mooiste dinge gebeur in ons lewens as die Gees Sy gemeenskap met ons kom vestig. Sy vrug begin in ons lewe na vore kom. In Sy gemeenskap gee Hy aan ons alles wat nodig is om Christus te verheerlik. Juis vanweë hierdie gemeenskap, wat Hy in ons skep en instandhou, sal daar ook geen aanklag kan wees wanneer die Here Jesus op die wolke kom nie (1 Korintiërs 15). Dan, wanneer Hy kom, word die gemeenskap van die Gees, wat ons nou reeds so goed ken, die volle perfekte en volmaakte gemeenskap met die Vader en die Seun vir ewig en altyd.

**Laat jou deur die Heilige Gees beheer! Dra die vrug van die Gees!**

# Het ek die Heilige Gees?

Johnny Beumer - 'n opsomming van 'n oudio-oordenking van ds. Cassie Aucamp.

Sondag 20 van die Heidelbergse Kategismus vra wat ons glo van die Heilige Gees. Die antwoord daarop is:
**"(a) dat Hy saam met die Vader en Seun ware en ewige God is, en (b) dat Hy ook aan my gegee is sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en sy weldade deel laat kry, en (c) dat Hy my troos en ewig by my bly."**

Let wel, dat daar staan dat hy ook aan my gegee is. In 1 Johannes 4:2 staan daar **"Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, HET die Gees wat van God afkomstig is".** Daar is dus nie gelowiges met en gelowiges sonder die Heilige Gees nie! Ook vers 13 en 15 van dieselfde hoofstuk maak hierdie waarheid baie duidelik.

Jy hoef dus nie te wag vir 'n spesiale gebeurtenis in jou lewe of vir 'n spesiale openbaring of belewenis om dan na die krag van die Gees te lewe nie. Jy wat glo, HET die Gees van God.

Maar hoe is dit dan dat party mense wat werklik glo dat Jesus die Christus is, se lewe so min wys van die Gees van God en van die vrug en die volheid van die Gees? Die antwoord hierop is dat ons vervul moet word met die Heilige Gees. Jy het die Gees, Hy woon in jou, maar moet nog tot volle werking kom in jou lewe sodat die vrug van die Gees in jou lewe gesien kan word. Jy moet dus vol word met die Heilige Gees.

Moet daarom nie in jou ware selfondersoek, wanneer jy die tekens van leegheid, flouheid of mislukking op die geloofspad raaksien, wag dat iets buitengewoons met jou moet gebeur nie. Nee, ons bely in Sondag 20 dat die Heilige Gees ook aan my gegee is en Johannes skryf dit dat elkeen wat bely dat Jesus die Christus is, die Gees van God het.

**"Jy wat glo, HET die Gees van God."**

Ons bely verder in Sondag 20 dat die Heilige Gees my Christus en sy weldade deelagtig maak. Die Heilige Gees bind my dus in Christus in deur die geloof. Daardie geloof kom nie uit myself nie. Ek was dood in die sonde. As ek dus uit my hart Christus kan bely, dan is dit iets wat aan my geskenk is. Dit is die werking van sy Gees. Dan is die Gees teenwoordig in my lewe.

Daarom moet ek na die dinge soek en najaag wat my lewe vul met die Heilige Gees, wat my onder die heerskappy van die Heilige Gees laat leef. Dit is dinge soos:

- **Gebed.** Uit genade beheers en beïnvloed Hy ons al meer as ons Hom sonder ophou daarvoor bid en daavoor dank.
- Omgang met **God se Woord**, want die Gees werk deur die Woord.
- **Gehoorsaamheid aan God**. Die Gees deel nie sy woonplek met die duiwel nie. Vlug dus weg van duiwelse praktyke en leef in die lig.

Laat ons voluit leef met die kapitaal wat ek in Hom besit. Laat ons bid dat die Gees met ons sal spreek deur die Woord en luister dan met ontvanklikheid daarna. Laat ons bid dat die Gees ons van die dwaalpaaie af sal weghou. Laat ons so die volle ryke dividende ontvang van die groot kapitaal van die Gees van God wat in ons lewe is.

# Die Heilige Gees as Trooster

Magda du Toit

Jesus was nie net sy dissipels se leermeester nie. Hy was ook hulle Trooster. Net voor sy Hemelvaart het hy vir sy dissipels gesê dat Hy vir hulle 'n ander Trooster sal stuur om die troostaak voort te sit. Hy het besef dat hulle steeds iemand nodig gehad het om hulle by te staan, te lei, te versterk en te troos.

**"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."** (Johannes 14:16 & 17)

**"... luister hoe die Gees jou troos deur sy openbaring dat jy jou werk vir Christus doen."**

In Johannes 14:26 lees ons verder: **"maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."**

Watter troos moes dit nie vir die dissipels gewees het om te weet dat hulle steeds 'n "Parakletos" het nie. Die Griekse woord vir Trooster is 'Parakletos' of in Afrikaans, parakleet. Dit is iemand wat geroep is om ander by te staan. In die regspraak verwys die term parakleet na regshulp, verdediging, advokaat, bemiddelaar of 'n voorspraak.

Wat 'n wonderlike gedagte - **die Heilige Gees staan ons by in Goddelike liefde.** In Romeine 5:4 & 5 kry ons daardie versekering: **"en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."**

Daarom, wanneer ons verlate of moedeloos voel, verslae is of platgeslaan deur lyding, siekte, of depressie, onthou dat die Heilige Gees by jou is om jou te troos. As dit vir jou voel of al jou harde werk tevergeefs is, luister hoe die Gees jou troos deur sy openbaring dat jy jou werk vir Christus doen.

**Die Heilige Gees se teenwoordigheid bied aan ons geweldige troos. By Hom vind ons 'n gerusstellende skuilplek teen die aanslae van die lewe.**

# Gebedsbediening: Geesvervulde lewe

Carina Pyper



**Sondebelydenis:**
Wanneer ons in gebed tot God se genadetroon nader, is dit belangrik om onsself te verootmoedig en ons sondes te bely. Kom ons kniel voor God en bely ons skuld voor Hom. Daarna kan ons met vrymoedigheid na sy genadetroon gaan en saam tot God, onse Vader bid.

Ps. 19:13-15 (2020):
**"Wie het insig in sy onbewuste dwalings? Spreek my vry van verborge sondes! Weerhou u dienskneg ook van vermetelheid. Laat dit nie oor my heers nie; dan sal ek onskuldig wees en vry van ernstige oortredings. Laat die woorde van my mond en die bepeinsing van my hart vir U aanvaarbaar wees, Here, my Rots en my Verlosser".**
AMEN

Jak 5:15-16 (2020):
**"Die gelowige gebed sal die sieke gesond laat word, en die Here sal hom weer oprig. En as hy sonde gedoen het, sal hy vergewe word. Bely dan julle sondes teenoor mekaar, en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n regverdige is baie kragtig in sy uitwerking".**

**GEES teenoor VLEES:**
Rom. 8:5-8 (2020):
**"Wie volgens hulle sondige aard leef, bedink immers die dinge van hulle sondige aard, maar diegene wat volgens die Gees leef, bedink die dinge van die Gees. Die denke van ons sondige aard loop uit op die dood, maar die denke van die Gees bring lewe en vrede. Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Wie in hulle sondige aard bly, kan God nie tevrede stel nie".**

Om Geesvervuld te wil lewe, moet mens die vlees aflê - die eie "ek" in ons lewe. Die "ek" ondermyn die Gees omdat mens dan doen wat mens wil en nie God-gesentreerd uit die Woord lewe soos ons moet nie. Dit is die "maar" verskonings en die selfgedrewenheid in plaas van God-gedrewe. Om 'n gesonde Geestelike lewe te wil voed, moet ons uit die Woord leef, die wil van God soek en doen.

Satan wil die Brood van die Lewe nl. die Woord, onder verdenking bring. Ons moet die Woord ken en ook die geestelike oorlog voer soos in Efesiërs 6 aan ons voorgehou word. Ons moet onthou dat ons veg nie net teen ons vlees nie, maar veral ook teen die bose geeste in die lug wat ons vleeslik wil laat lewe.

In Joh. 6:35 (2020) het Jesus vir hulle gesê: "Ek is die brood van die lewe. Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie".

# Gebedsbediening:
# Geesvervulde lewe (vervolg)

**Ons bid saam:**
**Almagtige drie-enige Vader, Seun en Heilige Gees, U is Lofwaardig. U het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees. U het nog voor die grondlegging van die wêreld, ons in Christus uitverkies om Heilig en onberispelik voor God te wees. (Ef. 1: 3&4) Ons bid dat U deur U Gees uit die rykdom van U heerlikheid aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat ons in die geloof en liefde gewortel sal bly. Mag ons saam met die gelowiges besef hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus is. (Ef. 3: 16-19)**
**Gee asb. dat U Woord wat verkondig word deur ons leraars in U kerk deur U Gees geïnspireer sal wees, dat ons harte ontvanklik sal wees sodat ons daagliks die vrug daarvan sal dra, dat die Heilige Gees in ons harte sal woon sodat ons bo alles God gesentreerd sal leef, gelei deur die Heilige Gees. Seën ons leraars in hul werk en wandel. Beskerm ons teen die aanslae van die Bose.**
**Hemelse Vader, wees met elkeen wat siek is, vermoeid en belas voel in ons gemeente. Help ons om mekaar te dien en diensbaar te wees waar U ons geplaas het, en dat ons eensgesind sal wees in ons gemeente sodat U Koninkryk daardeur verheerlik sal word.**
**AMEN**

Gesels met die Here oor wat op jou hart is. Ons is hier op aarde geplaas om Hom te loof te dank en te prys en om Sy Naam groot te maak in die hemel soos die hemelwesens in Op. 4:8 en Jes. 6:3, met sang: Heilig, Heilig Heilig is die Here .... So moet ons ook hier op aarde doen.

Ons dra ook ons geliefdes, familie en vriende wat afvallig geraak het aan Sy genadetroon op, wat ons sien dat hulle nie in verhouding met God leef nie. Ons dra ook hulle wat swaar kry in werk- huislike- of gesondheidsomstsandighede aan U op. Jes. 6:3 (2020) Hulle het na mekaar geroep en gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlikheid".


Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

*Alle paaie - lei na Rome, of liewer -*
*alle Bybelse paaie lei na LIEFDE.*

# Dopperspele

Gerhard van Staden



Op Saterdag, 17 Mei 2025, vind die jaarlikse Dopperspele by die Gereformeerde Skool Dirk Postma in Waverley plaas. Daar is toe vanjaar besluit dat die skool ook van die geleentheid gebruik sou maak om die werksaamhede by die skool aan die "Dopper-gemeenskap" bekend te stel en 'n opedag saam met die Dopperspele aan te bied.

'n Totaal van vier-en-twintig gemeentes het vanjaar aan elf sportsoorte deelgeneem. Selfs gemeentes van so ver as Brits en Randburg het ook opgedaag! Reeds van voor sonop is kleurryke gazebo's opgeslaan.

Verskeie kosstalletjies wat 'n verskeidenheid kossoorte aangebied het, het die soel lug met allerhande aromas gevul. Die teetuin het ook groot aftrek gekry waar 'n warm koffie die innerlike versterk het. Oral het die kinders hul ouers bygestaan om voorbereidings te tref vir die sportsoorte wat later die oggend sou begin.

Die doel van die Dopperspele is om die **Doppergemeenskap as gelowiges byeen** te bring waar ons **ons geloof prakties** kan beleef deur die beoefening van sport, ongeag of ons wen of verloor. **Hierdeur leer ons ander ken, brei ons ons geloofskring uit, bou ons geloofs-verhoudinge oor gemeentegrense, MAAR is ons altyd omring deur medegelowiges.**



# Dopperspele (vervolg)

Vanjaar was ons gemeente se 10de jaar van deelname. Ons gemeente se organiseerder was oudl. Thomas Venter.



Sr. Rika du Plessis was ons gemeente se spankaptein en moes sorg dat al die logistieke reëlings stiptelik nagekom word en dat die spanne vol en gereed was vir deelname. Volgens wat berig word, het sr. Rika haar so goed van haar taak gekwyt dat daar alreeds saamgesweer word om haar te probeer oorreed om volgende jaar haar weer in hierdie hoedanigheid beskikbaar te stel!



Die 2025 Dopperspele is met skriflesing en gebed geopen. Daarna het mev. Saskia Meijer (skoolhoof van GSDP) 'n kort openingsrede gelewer en is die dag se verrigtinge deur ds. Danie Potgieter (Rietvallei) in die kerkgebou van Die Kandelaar afgesluit.

Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin se span het **algeheel vyfde geëindig**. Die jukskeispan het egter in hul sport met die louere weggestap. Tydens die trofee-oorhandiging sê ds. Danie met 'n skalkse glimlag: "Vir die eerste keer in die geskiedenis wen Annlin hierdie trofee!" Onder groot applous het 'n baie trotse oudl. Thomas hierdie trofee in ontvangs geneem!

Aan al die deelnemers, ondersteuners, familie en vriende, ons is baie trots op julle almal! Wat 'n wonderlike dag van samesyn. Sien jul DV volgende jaar almal daar!



# Pastor Samuel se nuwe motorfiets!

Johnny Beumer

Die predikant van die Gereformeerde Kerk van Mosambiek, in die stad Nampula, het verlede maand sy nuwe motorfiets ontvang. Die motorfiets is 'n Chinese Honlg HL 150cc en hy was baie bly daaroor. **Hy sê baie dankie aan ons gemeente.**

Pastor Samuel bedien tans, benewens die gemeente van Nampula, ook 'n gemeente in die hawestad Nacala, 'n groep gelowiges in Montepuez en vyf wyke (wyksgemeentes met elk sy eie kerkie) van die Ribaué gemeente.

Laasgenoemde vyf wyke is almal weg van die hoofpaaie af en slegs toeganklik deur van bospaadjies gebruik te maak. Die predikant kan dus nou maandeliks die afstand van sowat 400km na Nacala en terug en die pad na Ribaué Distrik en daaropvolgende bospaadjies na die wyke van die Ribaué gemeente wat ook ongeveer 400km is met sy motorfiets aflê. Die afstand na Montepuez wat sowat 800km is, sal nog steeds een keer per kwartaal afgelê word met openbare vervoer.

**Ons bid dat die Here die werk van pastor Samuel sal seën en ons wil graag dankie sê vir al ons lidmate wat so mildelik bygedra het tot hierdie projek om die motorfiets vir die predikant aan te koop.**





# Susters bederf ons seniors

Magda du Toit

’n Ete gaan nie net oor die kos nie. Om saam te eet is om gesamentlik deel te hê aan die genadegawes wat ons so mildelik uit die Here se hand ontvang. Dit gaan verder oor die geselskap en saamwees.

Keurig-gedekte tafels met vrolike papierblomme het die gaste verwelkom en ook gesorg vir ’n gespreksonderwerp wat almal dadelik in ’n gemoedelike stemming geplaas het. Corrie van Wyk het verder gesorg dat die eerste bietjie winterskoue die wyk neem met haar prettige voorlesing van swembroek-aanpas voor ’n vakansie en almal laat skaterlag.

Na ds. Pieter se opening met Skriflesing en gebed, het almal aangesit vir ete wat opgebou het tot ’n heerlike kuier.

Hartlike dank aan die flukse span bestuurslede van die Susters wat soos altyd, nie gehuiwer het om in te spring en van dié ete ’n sukses te maak nie.











# God se vingerafdrukke in die Skepping

Janine Smit

Lede van die gemeente het op 11 Mei 'n ander sy van Skriba en Ouderling Danie Smit leer ken toe hy sy geografiese kennis as wetenskaplike tydens 'n insiggewende praatjie gedeel het. Hierdie insigte spruit uit die jare wat hy as omgewingskundige in die Departement Omgewingsake gewerk het, asook uit sy doktorale navorsing en praktiese ondervinding van die land se nasionale parke en beskermde gebiede, en besoeke aan ander lande se natuurgebiede.

Die praatjie, **"God se vingerafdrukke in die Skepping"**, het gevolg op Ds Kurpershoek se boodskap oor die Skepping, met die tema: "Ons bewonder die Here ... lewenslank!"

Dr. Smit se praatjie het gekyk na die **ooreenkomste tussen die ses groot momente wat volgens die Bybel oor ses dae geskep is,** en die **wetenskaplike bewys van die volgorde van hierdie verskynsels in die natuur,** veral in die geografie, ekologie, paleontologie en argeologie oor biljoene jare. Sy praatjie het die vorm aangeneem van 'n vergelyking tussen die Bybelse optekening en verskynsels in die natuur. Hy het pertinent genoem dat sy vertrekpunt nie is om te verwar nie, **maar om bewys te lewer van die grootheid en almag van God se skepping van ewigheid tot ewigheid.**

Net soos lig en donker op die eerste dag van die Skepping tot stand gekom het, het hy bewyse voorgehou van die kritiese massa van elemente in die hemelruim wat saamgesmelt en ontplof het in die duisternis tydens die Oerknal ("Big Bang"). Die oudste materiaal is saamgegroepeer as 'n mengsel van gasse, stofdeeltjies en chemiese elemente tussen 4.6 en 13.8 biljoen jaar gelede. Dit is gevolg, ongeveer 4 biljoen jaar gelede, deur die begin van die atmosfeer, suurstof, kondensasie van waterdamp en stortreën oor miljoene jare.

Dit kan vergelyk word met die skepping van die gewelf om die waters bo en onder die gewelf van mekaar te skei. Hy het verder gewys dat, in die oudste gesteentelae, daar geen bewys van plant- of dierelewe gevind is nie. Daar is eers oor latere tydperke paleontologiese bewys van die teenwoordigheid van plante, seediere, voëls, reptiele en landdiere in baie jonger gesteentelae.

Hy het op 'n soortgelyke manier aangedui hoe die eerste bewys van stollingsgesteentes en sedimentêre gesteentes meer as 3.7 biljoen jaar gelede tot stand gekom het; landplante, mosse en varings 120 miljoen jaar gelede, blomplante met vrugte en sade 57 miljoen jaar gelede, eenvoudige seelewe 600 miljoen jaar gelede, groot seediere, vertebrate, kraakbeenvisse en visse 550 miljoen jaar gelede, voëls 500 miljoen jaar gelede, amphibië en reptiele 370 jaar gelede en soogdiere 90 miljoen jaar gelede.

Wat die ontstaan van die hedendaagse mens betref, **het hy beklemtoon dat daar geen teenstrydigheid is tussen die Bybel en die wetenskap nie**, aangesien Christen-wetenskaplikes, en ook hy, die teorie van evolusionisme verwerp. Die eerste wetenskaplike bewys van die mens (Homo sapiens) kom van so jonk as 6 000 jaar gelede, wat aandui dat ons 'n aparte spesie is van die Hominidae, waaraan die sjimpansees, gorillas en ander aapagtiges behoort. Die ander aapagtiges het reeds voor 6 000 jaar gelede totaal uitgesterf en verdwyn.

Hy het sy praatjie afgesluit deur op te merk dat sy navorsing nie ten doel het om te bewys of die hele skepping in ses dae, ongeveer 6 000 jaar gelede, gebeur het, en of dit oor 'n tydperk van 13.8 tot 4.5 biljoen jaar gelede gebeur het nie. Wat ons eerder moet raaksien is **die deurlopende stygende lyn van die skepping vanaf die begin tot die einde, waar die mens as die kroon van God se skepping gemaak is om oor God se wonderlike skepping te heers.**



# Pinkstersondag 2025: Die Eenheidsgeskenk van die Heilige Gees...

Clarissa Rehder

İZMİR PROTESTAN KİLİSESİ

> **“Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.”**
> **Efesiërs 4:4-6**

Elke Sondagoggend kom ons as Annlin-gemeente in erediens bymekaar om op ’n besondere manier ons Here te aanbid. Tydens elke erediens bely ons as gelowiges onder andere saam: “... Ons glo in die Heilige Gees. Ons glo aan ’n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges ...” Het ons al verder gedink aan wie hierdie **“gemeenskap van die heiliges”** is?

Op Pinkstersondag, het oudl. Andries Leuschner en andere ’n besonderse geleentheid bekendgestel waar ons as gelowiges in Suid Afrika met medegelowiges in Turkye in kontak kom om gemeenskapsbande te bou met gelowiges van die Protestantse kerke in Izmir (Smirna in die boek Openbaring). Hulle is ’n klein handjievol Christene in ’n stad van meerderheid Moslems. Die kerke daar bestaan uit klein groepies wat sosiaal onderdruk word en sukkel om hul geloof openlik uit te leef. Ons huidige kontak in Izmir, Zekai Tanyar is ’n gelowige uit Moslem agtergrond wat vir jare die Protestantse kerke in Izmir begelei. Hy maak ook wêreldwyd aan ander gelowiges die moeilike situasie waaronder Christene in Izmir gebuk gaan, bekend.

Die gedagte agter die kontakgeleentheid is dat ons as gelowiges kontak maak met Christene in Izmir om waarlik langtermyn vriendskappe te bou en om geloofseenheid te koester, ten spyte van die afstand tussen ons. Byna soos die penvriende van ouds.

Hierdie gelowiges bely dieselfde Here, Jesus Christus, en so is ons deur die Heilige Gees aan hulle verbind. Die Heilige Gees gee dan aan ons die geleenthede om prakties hierdie geskenk van Christelike eenheid uit te bou en vrug vir die Here te dra. Sou jy belangstel om graag ’n vriendskapsband met ’n gelowige in Izmir te bou, reik uit deur ’n boodskap na die kerkkantoor te stuur.

Onthou, ons “gemeenskap van heiliges” is nie ingeperk deur die mure van die kerkgebou of die grense van jou omgewing nie, maar strek wêreldwyd! Wees toegewyd en doen dan moeite om hierdie Geesgeskenkte eenheid te handhaaf.

# Die Troos van Hemelvaart

Andrie Beumer

Donderdag, 29 Mei het weer aan ons die geleentheid gebied om hemelvaart te vier. Ja, vir ons as gelowiges behoort dit iets te wees om te vier.

Tydens die diens by die Gereformeerde Kerk Magalieskruin was ons gemeente se lidmate goed verteenwoordig en kon ons saam met ander gelowiges hoor dat **die Gees van God by ons en in ons is.**

Dít, is die troos van hemelvaart.
Ds. Thys Erasmus het sy preek ingelei met dié woorde van Jesus: **"As julle my liefhet, sal julle my opdragte uitvoer."** Woorde wat Hy slegs 'n paar uur voor sy kruisiging aan sy dissipels gesê het.

Dit geld vandag nog vir elkeen van ons. Verder het ds. Thys beklemtoon dat selfs ons gehoorsaamheid aan Hom genade is uit God se hand. **Ons gehoorsaamheid en daarom ook ons liefde is die direkte gevolg van God se werk deur die ingryping van DIE GEES VAN GOD in jou.**

Dit bring ons dan by ons ander VOORSPRAAK OF PARAKLEET. Ds. Thys het hier verduidelik wat die rol van die parakleet in die destydse samelewing was. In kort beteken dat dit 'n persoon met meer invloed is wat aan jou sy is en jou help.

**"Ons gehoorsaamheid en daarom ook ons liefde is die direkte gevolg van God se werk deur die ingryping van DIE GEES VAN GOD in jou."**

Die Gees van God is egter MEER as dit.

**Hy is ONDER ons**
**Hy is BY ons**
**Hy is IN ons**

Ons het dus nou twee helpers.
Jesus is ons Hemelse Voorspraak en die Heilige Gees is ons aardse Voorspraak. Hy leer en lei ons om in liefde gehoorsaam te wees aan die opdragte van Jesus.

Na die diens het meeste van diegene teenwoordig heerlik saamgekuier en gesmul aan die heerlike sop en broodjies wat die susters van Magalieskruin-gemeente voorgesit het. Ons sê baie dankie vir hulle gasvryheid.

# Kerkfinansies

| | Mei 2025 | | Jaar tot datum | |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | *** | *** | *** | *** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | *** | *** | *** | *** |
| Ander inkomste (huur/rente) | *** | *** | *** | *** |
| **Totale Inkomstes** | ******* | ******* | ******* | ******* |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | *** | *** | *** | *** |
| Instandhouding: Woordbediening | *** | *** | *** | *** |
| Evangelisasie | *** | *** | *** | *** |
| Emeriti-versorging | *** | *** | *** | *** |
| Sustentasie Mmakau | *** | *** | *** | *** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | *** | *** | *** | *** |
| Administratiewe uitgawes | *** | *** | *** | *** |
| Sosiale bydraes | *** | *** | *** | *** |
| Jeug | *** | *** | *** | *** |
| Studentopleiding: kostes | *** | *** | *** | *** |
| Totale uitgawes | *** | *** | *** | *** |
| **Netto tekort vir die maand** | ******* | ******* | ******* | ******* |

Vir Mei 2025, het die kerkkas 'n netto surplus van *** gehad. Die lidmaatbydraes vir Mei 2025 was *** meer as die begrote lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is *** minder as die begrote lidmaatbydraes.

| **Instandhoudingsfonds** | **Mei 2025** | **Jaar tot datum** |
|---|---|---|
| Spandeer | *** | *** |

Die bate-instandhoudingsfonds het *** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

## Ons sê tot-siens ...

Die volgende lidmate het uit ons gemeente weggegaan en ons wens hulle alle voorspoed toe vir die toekoms.

**Chris Kruger na GK Waterkloofrand**

**Jorri, Hannlie en Ivan Jordaan na GK Suidkus**

**Brendan Vorster na GK Potchefstroom-Oos**

**Ida van Biljon na GK Randburg**

**Nicola Venter na NHK Montana**

**Ruan, Antoinette, Katryn en Lua van Rooyen na NGK Magalieskruin**

**Madri van Wyk**



# Evangelisasiekommissie

Johnny Beumer

Die Evangelisasiekommissie is 'n kommissie van die Kerkraad en vervul 'n koördineringsrol om die **gemeente te lei om Jesus se groot opdrag aan sy kerk na te kom.**

Die evangelisasie opdrag word vervat in die volgende vetgedrukte dele van ons gemeente se visie- en missiestellings: Gemeentevisie: 'n Eensgesinde gemeente wat hul lewensdors in Christus les, wat uit genade die Here en hul naaste liefhet **en wat volgelinge van Christus maak.**

Gemeentemissie:

- **Om die God van geregtigheid en genade beter te leer ken.**
- **Om die wil van ons Here vir ons beter te leer ken en uit te leef.**
- **Om ons geesgegewe eenheid te koester en uit te bou.**
- **Om 'n kerk van liefde en ontferming te wees.**
- **Om mense wat los van Christus leef te roep en te begelei om Christus te volg.**
- **Om ons gemeente toe te rus om die Groot Opdrag van Jesus uit te voer.**

Die evangelisasiekommissie se rol is dan om namens die Kerkraad die gemeente te begelei in die uitvoering van sy missiestellings wat betrekking het op evangelisasie. Dit doen die kommissie op allerlei maniere deur bv. aksies te inisieer, te beplan en te koördineer, lidmate te motiveer en op te lei, finansiering te reël, ens.

Die Evangelisasiekommissie het sy werksterreine in 4 komponente ingedeel, nl.

**Evangelisasie in eie omgewing.**

**Evangelisasie in nabye omgewing.**

**Evangelisasie in die buiteland.**

**Bybelverspreiding.**

Bybelverspreiding het bertrekking op eie- en nabye omgewings asook die buiteland. Enkele voorbeelde van ons gemeente se evangelisasieprojekte:

- **Bid vir vyf projek – eie omgewing**
- **Mentor vir gevangenes – nabye omgewing**
- **Ondersteuning van die Kgatelopele Christian Crèche – nabye omgewing**
- **Opleiding van kerkleiers in Mosambiek – buiteland**
- **Persoonlike kontak met Christene in Ismir, Turkye – buiteland**
- **Tweedehandse goedere verkopings – Bybelverspreiding**

Lidmate wat nog nie betrokke is by enige evangelisasieprojekte van die gemeente nie, word uitgenooi om met die voorsitter van die kommissie, **br. Johan Potgieter by 082 770 4262** kontak te maak. Jou gawes sal iewers benut kan word in een van die talle evangelisasieprojekte!

## Kinderhoekie

# Vervolgverhaal: Die Groot Geheim ... (2)

Nicola du Plessis

Suzanne en Ray-lene trap ongemaklik rond. Anzel antwoord dadelik. "Ons weet dat die kerke so leeg en die tronke so vol is as gevolg van nuuskierigheid."
"En ek is virseker Peter - Pan. Aangename kennis." 'n glimlag speel om Edwin se mondhoeke. Suzanne proes van die lag.

"Ek is ernstig Anzel. Wat weet ons nie? Julle voer duidelik iets in die mou! Ek hoop nie dit is iets onwettigs nie!" Hy is skielik ernstig.
"Ontspan Edwin, dit is iets ten bate van almal" sê Anzel.
"Sooooooo, daar is iets..."

"Julle sal die eerste mense wees wat weet, sodra die tyd ryp is. Soek julle nou die vrugtesap of wil julle eers verder kruisverhoor hou?" Ray-lene probeer die onderwerp verander.
"Die sap sal lekker wees, dankie" laat Herman nou van hom hoor.




Geselsend sit die maats in die kombuis en teug aan hulle koeldrank.
"Het julle al begin leer vir die Geskiedenis toets van Maandag?"
"Dis nou eers Dinsdag, daar is nog amper 'n week oor, Luan, Ek sal seker teen Vrydag begin leer.

Terwyl hulle gesels probeer die meisies heeltyd die vrae vermy. Uiteindelik moet die seuns vertrek. Oppad na die deur na draai Herman terug. "Ek sal uitvind wat aangaan. Al is dit die laaste ding wat ek doen."
Dan is hy weg, asof hy nooit daar was nie...

## Kleuterpret

# Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Skryf die name van die mense vir wie jy wil bid in die rand om die sirkel, en kleur dit daarna in. Gebruik dan die woorde om mekaar te seën. Die duif en die vlamme is simbole van die Heilige Gees.



**<u>Pinkster seën</u>**

**Die Gees woon binne in jou**
**Die Gees werk deur jou**
**Die Gees is altyd by jou**

**Die Gees gee jou krag**
**Die Gees gee jou woorde**
**Die Gees gee jou wysheid**
**Die Gees is ALTYD by jou!**
**Amen**

**Jongmensjolyt**

# Aktiwiteit: Pinkster-skattejag

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Reis saam van Hemelvaart na Pinkster! Lees Handelinge 1 en 2 dan soek jy telkens die items en merk dit af soos jy dit vind.

## 1. Berg op

Jesus stap met sy dissipels op met die berg 40 dae na sy opstanding.
Vind 'n takkie of 'n blaar.

☐



## 2. Hemelvaart

Hoeveel wolke is daar?
Watter prentjies sien jy?

☐



## 3. Bovertrek

Die dissipels wag vir die Gees.
Vind 'n stil plekkie en bid vir mekaar.

☐



## 4. Jesus se opdrag

Ons moet Jesus se getuies wees tot aan die uithoeke van die aarde.

Werk uit waar is Noord, Suid, Oos en Wes en merk dit.

☐



## Gesels saam

- Hoekom moes Jesus opvaar?
- Wie kan sy Gees ontvang?
- Hoe help die Gees ons?
- Waarvoor wil jy dankie sê?



## 5. Stormwind

Bly vir 3 min tjoepstil.
Wat hoor jy?

☐



## 6. Tonge van Vuur

Vind iets rooi of oranje.

☐



## 7. Pinkster = 50

Vind 50 klein items (bv. klippies, blare)


☐



## 8. Vrug van die Gees

Vind 'n vrug,
'n blom of saad

☐



## 9. Die eerste gemeente word gebore

Sing "Veels geluk, liewe kerk"

☐

Maak 'n hartjie op mekaar se hande en sê die woorde:
**Jesus het jou lief en sy Gees woon in jou.**

**Tienerfokus**

Henriëtte Mulder

# Bybel vasvra oor die Heilige Gees

Die Heilige Gees is aan ons gegee nadat Jesus Christus opgevaar het hemel toe, sodat ons nie alleen hoef agter te bly nie. **Die Heilige Gees lei en leer ons,** selfs wanneer ons nie weet dat Hy dit doen nie.

**Hoeveel weet ons van die Heilige Gees?**

1. Na Jesus se opstanding het Hy aan die apostels opdrag gegee om in 'n spesifieke stad te wag om gedoop te word met die Heilige Gees. Wat was die stad se naam waar hulle moes wag? **(Handelinge 1:4)**
2. Jesus het ook aan die apostels genoem dat hulle deur die Heilige Gees krag sal ontvang en getuies sal wees. Waar moes hulle oral getuies wees? **(Handelinge 1:7)**
3. Wanneer is die Heilige Gees uitgestort? **(Handelinge 2:1-4)**
4. Wat is dit wat die apostels gehoor en gesien het met die uitstorting van die Heilige Gees? **(Handelinge 2:2-3)**
5. Waaroor was die skare wat die geluid gehoor en saamgedrom het verbaas? **(Handelinge 2:7-11)**
6. Jesus het die Heilige Gees ook 'n ander naam gegee. Wat was dit? **(Johannes 14:16)**
7. Nadat die mense wat teenwoordig was by Petrus se toespraak en Kornelius die Heilige Gees ontvang het, was die Jode verbaas dat nie-Jode die Heilige Gees as gawe ontvang het. Wat het Petrus hulle daarna gevra? **(Handelinge 10:47)**

Laat die Heilige Gees ons lei, waar ons moet gaan, sodat ons kan doen wat ons moet doen. So kan ons op verskeie maniere getuies van die Evangelie wees.

**Antwoorde:**

1. Jerusalem
2. Jerusalem, die hele Judea en Samaria en die uithoeke van die wêreld.
3. Die Heilige Gees is op die dag van die Pinksterfees uitgestort.
4. Daar was 'n geluid soos 'n stormwind wat die vertrek gevul het en iets soos tonge van vuur wat verdeel het en op elkeen gekom het.
5. Dat die apostels in die omstanders se moedertale gepraat het, en vertel het oor die dinge wat God gedoen het.
6. 'n Ander Voorspraak, naamlik die Gees van die waarheid.
7. Hy het die Jode gevra, wat verhinder die nie-Jode om met water gedoop te word, aangesien hulle die Gees ontvang het.

## Brief aan die Redakteur

Ek wil graag 'n persoonlike belewenis met die gemeente van Annlin deel.

Vandat die advertensie oor die behoefte aan mentors vir Crossroads Prison Ministries op ons advertensiebord en in die Fontein verskyn het, het ek elke keer iets in my voel roer. Dan het ek dit met mening op die agtergrond geskuif, WANT ek het nie kans gesien nie. Ek was bang en onseker. En tog het die gedagte elke week weer na vore getree.

Uiteindelik het ek geluister en navraag daaroor gedoen, ingeskryf en opleiding ontvang. Meeste van my vrese en onsekerheid is tydens die oggend se opleiding aangespreek en daar is baie duidelike riglyne aan ons gestel. Verder het ek die volgende besef :

- Ek kan in die veiligheid van my eie huis iemand in die gevangenis ondersteun op die geloofspad.
- Ek bly heeltemal anoniem.
- Ek gaan nooit nodig he om van aangesig tot aangesig met hulle kontak te he nie.

Elke week ontvang ek 'n les wat ek moet merk asook 'n bybelstudiestuk wat daardie week gedoen is. Ek het 'n antwoordgids vir elke les, wat dit maklik maak en tydens die opleiding is ons ook geleer hoe om bemoedigende kommentaar te lewer. Ek bring die gemerkte pakkie Sondae na die kerk waar Ria van Wyk almal s'n bymekaarmaak en ons die volgende pakkie gee.

My eerste pakkie het ek met groot huiwering begin doen. Ek het gou agtergekom dat die persoon wie se pakkie ek gekry het nog baie min van Jesus geweet het. Dit was nogal 'n uitdaging om deurentyd bemoedigende kommentaar te skryf, omdat daar baie vrae was wat nie ingevul is nie, maar dit het mettertyd makliker geword. Daarna moes ek 'n brief vir die persoon skryf, wat my nogal lank geneem het. Ons het tydens die opleiding gehoor dat hierdie brief vir hulle so baie beteken en dat hulle dit vir ander gee om te lees. Daarom moes elke woord geweeg word. Ek glo egter dat dit volgende keer vinniger sal gaan.

Vir my is hierdie ervaring baie verrykend, want ek besef elke dag dat dit 'n groot voorreg is dat dat ek van kindsbeen af vir Jesus ken en in God se genade deel. Daar is baie mense wat nie hierdie voorreg het nie, en juis daarom in die moeilikheid beland. Ek hoop regtig dat ek kan help om 'n verskil te maak in iemand se lewe. Selfs al is dit net in een persoon se lewe, sal dit die moeite werd wees.

As daar van julle is wat dit ook oorweeg, wil ek julle aanmoedig om die geloofsprong te maak. Julle kan met enige een van ons groep gesels. Andries Leuschner, Dirk en Joan Coetzeeen ek is reeds deel van die groep. Kom raak deel van ons span!

Groete, Andrie Beumer

## Het jy geweet?

**Die Helige Gees is:**

- **Die derde Persoon van die Drie-eenheid (een God maar drie Persone). Die Heilige Gees is in elke opsig God.**

- **Hy is ’n Persoon, nie net ’n sterk krag nie. Daarom praat ons van die Heilige Gees as “Hy” en nie as “dit” nie.**

- **Hy was daar met die skepping van die wêreld, Hy het op Jesus neergedaal toe Jesus gedoop is en nou leef Hy in ons.**

Bronnelys:
Strehler, D. 2014. ’n Ontdekkingsreis deur die Bybel vir kinders. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

**Daar word van 6 simbole gebruik om die Heilige Gees uit te beeld! Dit is:**

Bronnelys:
http://www.dinkjeug.co.za (Toegang 23 Mei 2022)



**’n Afwaartse pyl: Dit herinner ons aan die Gees wat neergedaal het.**



**’n Rooi en goue lap: Om die tonge van vuur wat neergedaal het, te simboliseer.**



**Wind: Met die uitstorting van die Gees was daar ’n geluid soos stormwind.**



**’n Duif: Die Gees het die vorm van ’n duif aangeneem met Jesus se doop.**



**’n Skip: Dit simboliseer die kerk wat opdrag gekry het om uit te gaan na die wêreld.**



**’n Reënboog: Dit wys op die verskillende tale, volke en nasies toe die dissipels begin het om in verskillende tale te praat.**

# Diere en voëls van die Bybel

## Roofvoëls
## (Deel 2)

Weens Israel se groot verskeidenheid habitats (van halftropies tot woestyn) het dit 'n ryk voëllewe. In die lente en herfs beweeg baie trekvoëls oor die gebied op 'n hoof-trekroete uit Afrika na Europa en Wes-Asië. Van die meer as 400 voëlspesies wat in die Beloofde Land voorkom of daaroor vlieg gedurende migrasie, word ongeveer 40 spesies daarvan in die Bybel genoem.

Sekere soorte aasvoëls en arende is dikwels nie onderskei nie, bloot omdat hulle baie dieselfde gelyk het as hulle vlieg.

In Lev 11: 1 – 23 (wette oor rein en onrein vleis van diere) word reëls gegee oor sake wat die gelowige ondienlik, dus onrein, kan maak en verhoed dat hy aan die erediens mag deelneem. Die meeste van die diere wat die Israeliete verbied was om te eet was roofdiere (insluitend roofvoëls) wat ander dooie diere gevreet het. Dus, volgens die Bybel is alle roofvoëls, soos die lammervanger (vandag bekend as die baardaasvoël), nagvalke, visarende ens. as onrein beskou. (ook Deut 14: 3 – 21.)

Die Here het vir Job vrae oor die diereryk gevra. In Job 39: 30 – 33 het dit gehandel oor die aasvoël en sy gewoontes. In Job 39: 29 was dit die valk en sy vlieggewoontes. Uile word in die Bybel opgeteken as die inwoners van verlate ruïnes en murasies wat in die nag gejag het. (Ps 102: 7)

In Luk 17: 37 sê Jesus vir sy dissipels: "Waar aas lê, daar sal aasvoëls ook bymekaar kom". Wat het Jesus hiermee bedoel? Volgens prof. Hennie Stander blyk dit dat Jesus met die beeld van die aasvoëls wil oordra dat Hy vir almal duidelik sigbaar sal wees wanneer Hy weer kom. Almal sal sien en weet wanneer Hy ons kom haal.

In Gen 15: 11 lees ons dat die roofvoëls op die karkasse van Abram se offer aan God begin toesak het, maar Abram het hulle weggejaag.

Met die volgende aflewering kyk ons spesifiek na die arende.



Stander, H. 2002. Kan jy glo dít is in die Bybel. Vanderbijlpark: Carpe Diem.
Van der Watt, J., Bosman, H., Du Rand, J., Janse van Rensburg, F., Nel, M., Smit, D. & Venter, P. 2003. Die Bybel A – Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

# Blokadvertensies






Wonder jou kind oor vakkeuses?

Is daar onsekerheid oor watter vakke om te kies?

Weet julle watter studierigting om te volg?

Het julle hulp nodig om 'n loopbaanpad te kies?

Gesels met **Anneke du Preez, 'n loopbaanspesialis** met meer as 20 jaar ervaring.

**082 378 8688** **Anneke@clarity.org.za**







Die DDS bied ondersteuning aan Diakonieë binne die GKSA en koördineer hul werksaamhede.

*Lees meer oor die DDS se werksaamhede in die nuusbrief - CURANTIS NUUS*

In die Junie 2025 uitgawe kan u lees oor die volgende:
•Deputate terugvoer
•President Kruger Kinderhuise
•Nasionale Diakonale Kongres op 25 Oktober 2025
Vrae en antwoorde oor DDS werksaamhede

Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

www